Wat is gebed? | 25 Junie 2023 | Ds. Dirkie van der Spuy

dvdspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Ons gaan vir die volgende 4 weke fokus op die tema van gebed. As 'n man en 'n vrou sê dat hulle 'n verhouding het, maar nie met mekaar praat nie dan besef 'n mens dat daar groot fout is met hulle verhouding. Ons Vader wil hê dat Sy kinders spesiale tye het wat hulle alleen met Hom praat, maar ook dat hulle heeldag in gemeenskap en gesprek met Hom sal bly. Die gebedswiel help ons om verskillende aspekte van gebed deel te maak van ons gebedslewe. Die gebedswiel sal op die ChurchCenter App en die web beskikbaar wees.

Wenke vir leier

Help die kringlede om te sê wat hulle onder gebed verstaan en watter rol gebed in hulle lewe speel. Gee 'n kopie van die gebedswiel vir elkeen of help hulle om dit te teken. Bespreek die gebedswiel kortliks want in die komende weke gaan daar meer intensief hierop gefokus word. Die belangrikste deel van hierdie les is om prakties vir mekaar te bid aan die einde. Maak seker daar is genoeg tyd hiervoor sodat dit nie afgejaag word nie.

Lees saam

Op 5:8,8:5
Mat.6:6
Handlinge 7:54-60
Handlinge 4:23-24a, 29-31
Handlinge 12:5, 11-12

Gesels saam

- Gee vir elkeen kans om te sê wat hulle definisie van gebed is.
- Verduidelik watter definisie in hierdie Skrifgedeeltes vir gebed gegee word.(Op.5:8,8:5)
- Wat leer ons oor gebed in Stefanus se sterwensgebed? (Hand 7:54-60).
- Wat leer ons by die eerste Christene oor gebed? Lees Hand 4:23-24a, 29-31 en let op die inhoud van hulle gebed, hulle geloof in God, hulle selfverloëning en eerste stel van die Koninkryk, as ook die rol van die Heilige Gees.
- Lees Hand 12:5, 11-12 en bespreek wat hierdie gedeelte leer oor intersessie.

Doen saam

1. Gee vir elkeen kans om 'n persoonlike gebedsversoek neer te skrywe.
2. Gee dan vir elke kringlid kans om hulle gebedsversoek te verduidelik en laat die groep dan gesamentlik vir daardie versoek bid.
3. Laat elkeen in hulle persoonlike stiltetyd die gebedswiel gebruik as riglyn en laat elkeen volgende week rapporteer hoe hulle dit ervaar het.

Bid saam

1. Bid dat mense wat nie kerk toe kan kom, wel sal inskakel op die streaming.
2. Bid dat die Pinkster stroom al sterker sal vloei in elke lidmaat en kring.
3. Bid dat lidmate sal volhard om te bid en uit te reik na onbetrokke mense.
4. Bid vir Jesus se teenwoordigheid en gebedsverhoring in die erediens.
5. Bid dat gebed 'n nuwe, kragtige faktor in elkeen se lewe sal word.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035